

Dié tegnologie ideaal vir SA

Rare Plastics is dalk net twee jaar oud, maar is reeds 'n puik mededinger in die HDPE-pypbedryf.

Die Rare Groep van maatskappye is al sedert 1975 sinoniem met die verskaffing van pype en verwante produkte aan die watermark in Suider-Afrika.

Gedurende 2013 het die Rare Groep die geleentheid gekry om ook tot die plastiekpypmark toe te tree met die aankoop van die Rare Plastics-vervaardigingsaanleg in Meyerton. Die aanleg vervaardig pype van tot 1 000 mm in diameter in ooreenstemming met die SANS ISO 4427-standaard.

Rare Plastics is die enigste vervaardiger in Suider-Afrika wat 180 mm HDPE- (hoëdigtheidpoliëteleen) pyp in rolle van tot 75 m kan vervaardig. Die langer rolle verseker vinniger installasies en minder koppelstukke, wat die moontlikheid van lekkasies verminder. Pype



HEEL LINKS: 'n Pyp met 'n buitendiameter van 1 000 mm.

FOTO'S: VERSKAF

LINKS: Rare Plastics is al vervaardiger in Suider-Afrika wat 180 mm HDPE- (hoëdigtheidpoliëteleen) pyp in rolle van 75 m kan vervaardig.

van 110 mm kan in rolle van 150 m vervaardig word. Kleiner groottes word in rolle van 100 m of 50 m verkoop, terwyl alle pype in standaardlengtes van 12 m of 6 m lengtes beskikbaar is.

Daar is 'n verskeidenheid eenvoudige metodes om pype aan mekaar te koppel. Dit tesame met die lae gewig van plastiekpype maak dat pype vinnig sonder swaar toerusting of opleiding geïnstalleer kan word.

HDPE-pype se gebruiksduur is 50 jaar en met die nuwe ontwikkelings in HDPE-grondstowwe glo baie van die kenners dat dit gemaklik self so lank as 100 jaar kan wees.

Renier Viljoen, besturende direkteur van

Rare Plastics, sê: "Die hoeveelheid water wat as gevolg van lekkasies in swak en verouderde pypeleidings in die land verlore gaan, is skrikwekkend. Ons as vervaardigers in die pypbedryf het 'n groot verantwoordelikheid om te verseker dat ons kliënte pype van topgehalte kry om water- en sodoende voedselsekerheid in die land te verseker."

Rare lewer landwyd af en sy verkoops-personeel staan gereed om die boeregemeenskap van diens te wees. **LBW**

NAVRAE: E-pos: info@rare.co.za; tel. **016 362 2868**.